SLUITING, VERVREEMDING EN OORDRAGTE

Wysiging van bestaande kontrakte

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 116(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) dat die Stad Kaapstad ("die Stad") van voorneme is om die ondergemelde kontrak te wysig:

Tendernommer en -beskrywing	Kontrak 155S/2020/21
Huidige vervaldatum van kontrak	31 Desember 2023
Projekbeskrywing	Instandhouding en operasionele ondersteuning van die MyCiTi-gevorderde openbarevervoer-bestuurstelsel (APTMS).
Rede vir wysiging	Die Stad is besig met die verkryging van 'n vervangingskontrak vir die instandhouding en operasionele ondersteuning van die MyCiTI-gevorderde openbarevervoer-bestuurstelsel. Oponthoude in die verkryging van die vervangingstender het tot die behoefte aan 'n kontrakverlenging aanleiding gegee.

Die plaaslike gemeenskap en ander belangstellendes word ingevolge artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 uitgenooi om in verband met die voorgestelde wysigings kommentaar of vertoë aan die Stad te rig.

Hierdie kommentaar of vertoë moet teen 6 November 2023 per elektroniese pos ontvang of by die straatadres hieronder afgelewer word. Voorleggings moet duidelik soos volg gemerk word: **"Amendment of existing contracts"** en CONTRACT 155S/2020/21

Straatadres: Direktoraat stedelike mobiliteit: openbare vervoer, 1ste verdieping, vervoerbestuursentrum, hoek van Smartt- en Hugostraat, Goodwood.

Projekbestuurder: Taryn Hector

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal persone wat nie kan lees of skryf nie, persone met spesiale behoeftes en diegene uit benadeelde groepe wat nie in staat is om skriftelike kommentaar in te dien nie, help om hulle insette en kommentaar neer te skryf en aan die Stad voor te lê.

Indien u hierdie hulp benodig, kontak die Stad Kaapstad se eenheid vir openbare deelname: Anathi Dywili **by 021 400 9809 of 0800 212 176 of e-pos Anathi.Dywili@capetown.gov.za.**

Vir meer besonderhede oor die wysiging van die bestaande kontrak, tree per e-pos in verbinding met die projekbestuurder Taryn Hector by Taryn.Hector@capetown.gov.za.

Kennisgewing ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 dat die Stad Kaapstad metropolitaanse munisipaliteit ("die Stad") van voorneme is om 'n kontrak(te) aan te gaan ten opsigte van aanvraagreaksie-aggregasiedienste van tot 60 MW vir die Stad van Kaapstad. Die kontrak(te) sal finansiële verpligtinge aan die munisipaliteit oplê vir 'n tydperk wat langer is as die drie (3) boekjare wat in die jaarlikse begroting vir die boekjaar 2023/2024 gedek is.

Kennisgewing geskied verder ingevolge artikel 21A en artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 dat –

(a) die plaaslike gemeenskap en ander belanghebbendes genooi word om kommentaar of vertoë ten opsigte van die voorgestelde konsepkontrakte aan die munisipaliteit te rig. Hierdie kommentaar of vertoë moet teen nie later nie as 24 November 2023 per elektroniese pos by onderstaande e-posadres ontvang of by die onderstaande adres afgelewer word.

(b) Afskrifte van die konsepkontrak en inligtingsverklaring wat die munisipaliteit se verpligtinge ingevolge die konsepooreenkomste opsom, is ter insae beskikbaar by die burgersentrum (adres hier onder) asook by alle subraadskantore en munisipale biblioteke, en sal ook op www.capetown.gov.za/haveyoursay (amptelike webwerf van die munisipaliteit) toeganklik wees.

(c) Verdere besonderhede en duidelikheid kan per e-pos versoek word van Shane.Prins2@capetown.gov.za en DumisaniLesley.Chabalala@capetown.gov.za en sal op die bovermelde webwerf beskikbaar gestel word.

Straatadres	**Posadres**
Die stadsbestuurder Tenderverspreidingskantoor 2de verdieping, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad	Shane Prins Stad Kaapstad Volhoubare-energiemarkte Posbus 82 Kaapstad 8000
Voorleggings moet soos volg gemerk word: TENDER NUMBER: 150S/2022/23: DEMAND RESPONSE AGGREGATOR SERVICES OF UP TO 60MW FOR THE CITY OF CAPE TOWN	

Persone wat liggaamlik gestremd is of nie kan skryf nie maar wat aan die proses wil deelneem, kan gedurende kantoorure by die Stad se ondergemelde kantore aanmeld waar 'n personeellid hulle behulpsaam sal wees om die tersaaklike kommentaar of vertoë neer te skryf.

Straatadres
Shane Prins 4de verdieping, Stad Kaapstad, hoofkantoor van elektrisiteit Volhoubare-energiemarkte Bloemhofweg Bellville 7530 Tel. 021 400 2316

Wysiging van bestaande kontrak

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 116(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, (MFMA) dat die Stad Kaapstad ("die Stad") van voorneme is om die kontrak in die onderstaande tabel te wysig:

Tenderno. & beskrywing	459C/2010/11: Verskaffing van professionele dienste: Buitewerkingstelling van die Athlone-kragstasie
Huidige vervaldatum van kontrakte	28 Maart 2024
Projekbeskrywing	Buitewerkingstelling van die Athlone-kragstasie
Rede vir wysiging	Tydsverlenging, klein omvangsverandering en kontrakwaarde hoër as die bedragperk

Ingevolge artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die plaaslike gemeenskap en ander belanghebbende persone genooi om kommentaar of vertoë oor die voorgestelde wysigings by die munisipaliteit in te dien.

Sodanige kommentaar of vertoë moet teen 6 November 2023 per e-pos ontvang word of by die onderstaande straatadres afgelewer word. Vertoë moet duidelik gemerk wees: **"Amendment of existing contracts"** gevolg deur die toepaslike kontraknommer.

Straatadres: Elektrisiteitsopwekking en-verspreiding, gasturbinekantoor (weeksdae 08:00-16:00) uit Bhungalaan, Athlone-kragstasie, Kaapstad.

Persone wat liggaamlik gestremd is of nie kan skryf nie, maar aan die proses wil deelneem, kan gedurende kantoorure die kantore hierbo besoek, waar 'n personeellid hulle sal help om die tersaaklike kommentaar of vertoë neer te skryf. Kontak die eenheid vir openbare deelname by 0800 212 176 met navrae oor openbaredeelnameprosesse.

Vir meer besonderhede oor die wysiging van die bestaande kontrak, kontak die projekbestuurder by EG.Projects@capetown.gov.za.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
27 Oktober 2023

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

Kennisgewing van Ledevergadering

Die Pinelands CID NPC hou 'n Ledevergadering. Alle belanghebbende persone word genooi na 'n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2024/25.

Datum: 23 November 2023
Tyd: 18h00
Plek: Pinelands Biblioteek Saal, Howard Centre, Sheldon Way, Pinelands

Slegs bona fide-lede van die Pinelands CID(PLCID) kan stem by 'n Ledevergadering. Alle eienaars van eiendom wat binne die PLCID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 14 November 2023.

Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na https://pinelandscid.co.za, stuur 'n epos aan info@pinelandscid.co.za of skakel 079 652 9939.

X1XX07BH-DB271023

PAROW INDUSTRIA IMPROVEMENT DISTRICT ASSOCIATION NPC (CID/SRA)
Registration number: 2001/027476/08

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Parow Industria Improvement District NPC (PIID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2024/2025.

Datum: 23 November 2023 **Tyd: 16:00**
Plek: CFW Industries raadsaal, 1A Parin Road, Parow Industria

Net bona fide-lede van die Parow Industria Improvement District (PIID) kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van nieresidensiële eiendom in die Parow Industria Improvement District (PIID) se gebied, maar hulle moet voor 16 November 2023 registreer.

'n Spesiale resolusie word vereis vir die wysiging van die nuwe akte van oprigting (MOI) soos beoog in artikel 16(5)(a) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

Vir meer inligting, dokumentasie en hoe om te registreer, gaan na www.parowindustriacid.co.za, e-pos tracy@parowindustriacid.co.za of assistant@parowindustriacid.co.za of bel 021 932 4799

00000000-DB271023

BBID
Brackenfell Business Improvement District NPC
2014/155124/08

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering (AJV)

Die BBID NPC gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

Datum: 22 November 2023
Tyd: 18:00
Plek: LO Rall saal, Laerskool Brackenfell

Net bona fide-lede van die BBID mag oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van nie residensiële eiendom in die BBID se gebied, maar hulle moet voor 15 November 2023 registreer.

'n Spesiale resolusie word vereis vir die wysiging van die nuwe akte van oprigting (MOI) soos beoog in artikel 16(5)(a) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

Enige bykomende belastingbetaler wat gekant is teen die aansoek om die CID-termyn te verleng, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar by die BBID indien.

Vir meer inligting, dokumentasie en hoe om te registreer, gaan na www.bbid.co.za of e-pos manager@bbid.co.za of bel 021 981 4909.

AAAAAA-DB271023

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die KEEP THE DREAM 307 NPC (Zeekoevlei Peninsula CID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2024/2025.

Datum: 21 November 2023
Tyd: 18:30
Plek: Zeekoevlei Yacht Club

Net bona fide-lede van die Zeekoevlei Peninsula CID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars residensiële eiendom in die Zeekoevlei Peninsula CID se gebied, maar hulle moet voor 14 November 2023 registreer.
'n Spesiale resolusie word vereis vir die wysiging van die nuwe akte van oprigting (MOI) soos beoog in artikel 16(5)(a) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

Vir meer inligting, dokumentasie en hoe om te registreer, gaan na www.zvswatch.org.za of e-pos zvpsra@gmail.com of bel 021 7052925

DIEBURGER-DB271023

Het jy ongebruikte artikels wat net plek in jou huis opneem? Ons help jou graag om dit te verkoop!

Gratis Snuffels word Vrydae geplaas!

SMS die woord SNUFFEL, gevolg deur die artikel, kort beskrywing (kleur, grootte) en kontaknommer na 38218

Reëls: ▪ Slegs artikels met 'n prys onder R3 000 ▪ Slegs EEN artikel per SMS ▪ Standaardkoste vir SMS'e geld – stelsel aanvaar geen gratis SMS'e nie ▪ Onvolledige SMS'e wat nie die woord SNUFFEL en 'n telefoonnommer bevat nie, sal nie geplaas word nie

▪ Gratis Snuffels word nie per telefoon of per e-pos aanvaar nie

Gratis Snuffels word gepubliseer op 'n Vrydag soos en wanneer daar spasie beskikbaar is en is nie gewaarborg om in die week gepubliseer te word wat jy die SMS stuur nie.